

Verslag IRM Maputo

VERSLAG VAN VERGADERING MET IRM : RING VAN MAPUTO

18 AUGUSTUS 2015

MACHAVA

Sedert Junie het dit onder my aandag gekom dat daar 'n ongemaklike situasie by Machava gemeente in Maputo bestaan. Dit het ook ter sprake gekom by die GSM vergadering van 11 Augustus 2015.

In die lig hiervan het ek 'n vergadering belê met die IRM ring van Maputo wat dan op 18 Augustus 2015 plaasgevind het.

Daar is bepaalde verskille tussen die kerkraad en 'n groep jonger lidmate van Machava gemeente. Dit lei daartoe dat die plaaslike leraar beskuldig word van ongeruimdhede.

Tydens die gesprek het dit geblyk dat die groep al jare lank probeer om beheer oor die gemeente te neem en nie die gesag van die kerkraad aanvaar nie. Vorige leraars van die gemeente het met dieselfde probleme gesukkel.

Die ring het verskeie pogings aangewend om die saak op te los. Die konsulent en van die ander ringspredikante het by meer as een geleentheid met die groep gesels maar sonder enige vrug. In Maputo is daar ook 'n Departement vir Godsdienssake en hulle hulp is ook ingeroep. Hulle het tot die slotsom gekom dat die drukgroep onbillik is en dat hulle optrede 'n verleentheid vir die kerk is.

Die ring het besluit dat die leraar vir eers nie in die gemeente moet voortgaan met sy werk nie en dat een van die ringspredikante sal waarneem in wat ons sou beskryf as 'n brugpredikant. Teen die einde van die jaar sal die leraar na 'n ander gemeente verplaas word. Intussen sal die ring steeds voortgaan om die probleem op te los sodat dit nie weer herhaal word met 'n volgende leraar nie.

Die gesprek het sinvol verloop en die opregtheid van die leraars in die soeke na 'n oplossing het duidelik na vore gekom. Ons belangstelling en insette is baie positief ontvang en die ring het versoek dat ons steeds betrokke sal bly deur voorbidding en pastorale ondersteuning.

WOONSTEL

Die woonstel waarin mev Botha gewoon het is intussen ontruim. Tans word daar onderhoudswerk gedoen en die plan is dat hierdie onkoste deur die verhuring verhaal sal word.

TRICHARDSKOOL

Enkele sake rakende die personeel en die bestuur van Trichardskool is bespreek.

HEFSIBA

Daar is groot waardering vir die teologiese opleiding wat by Hefsiba aangebied word en die Sinode poog steeds om jongmense aan te moedig om hulleself as leraars te bekwaam.